



## *Sara wat so lag*
## Genesis 21:1-14

### *Ons lag*
Lag is een van daardie vreemde, diep menslike dinge wat ons doen sonder om veel daaroor te dink. Babas lag nog voordat hulle behoorlik kan praat. Ons lag wanneer ons gelukkig is, wanneer iets ons verras en wanneer ons saam is met mense vir wie ons lief is.

Maar lag het ook ander kante. Ons lag wanneer ons ongemaklik is. Ons lag om spanning te verlig. Ons lag soms oor dinge wat eintlik seermaak. Soms maak ons ’n grappie omdat dit makliker is as om te erken hoe bang ons eintlik is. Soms lag ’n mens omdat iets snaaks is; soms omdat die alternatief is om te huil.

Daarom is lag nogal ’n interessante venster op ons menswees. Luister mooi na ’n mens se lag, en soms hoor jy iets veel meer as net vreugde.

In Genesis ontmoet ons vir Sara wat ook lag. Trouens, die kind waarvoor sy ’n leeftyd lank wag, kry ’n naam wat haar altyd aan lag sou herinner: Isak – Yitzchak – “hy lag/hy sal lag”. Maar Sara se lag klink nie altyd dieselfde nie.

### *Wanneer ons nie meer durf hoop nie*
Die eerste keer wat ons Sara hoor lag, staan sy agter ’n tentdoek en luister hoe God se belofte nóg ’n keer herhaal word: sy en Abraham sal ’n seun hê.

Teen hierdie tyd het Sara egter jare lank gewag. Die belofte het dieselfde gebly, maar haar lewe het al hoe minder daarna gelyk. Sy ken die teleurstelling van hoop wat telkens onvervuld bly. En daarom lag sy.

Dit is ’n wrang lag. Die lag waarmee ’n mens sê: “Ja, seker.” Die lag van iemand wat nie meer wil waag om te hoop nie, omdat hoop ’n mens weerloos maak.

Ons ken iets van hierdie lag. Met verloop van tyd leer ons hoe die wêreld werk, wat moontlik is en wat nie. Soms maak ons ons verwagtinge kleiner, omdat dit veiliger voel as om weer teleurgesteld te word. Dan vra God vir Sara: “Is iets te wonderbaar vir die Here?”

Geloof vra nie dat Sara naïef moet wees nie. Sy ken haar liggaam, haar ouderdom en haar teleurstelling. Maar God nooi haar om nie haar ervaring van die wêreld die grens te maak van wie God kan wees nie.

Kan God my nog verras? Kan ek my nog verwonder?

### *Wanneer ons bang is vir verlies*
Dan kom Genesis 21 en die onmoontlike gebeur. Die verteller beklemtoon dit: die Here doen soos Hy beloof het, soos Hy gesê het, op die tyd wat Hy bepaal het. Isak word gebore en

Sara sê: "God het my laat lag. Elkeen wat daarvan hoor, sal saam met my lag."

Maar 'n paar verse later verander iets. By die fees wat Abraham vir Isak hou, sien Sara vir Ismael. Sy dring daarop aan dat Hagar en haar seun weggestuur word. Die geskenk waarvoor Sara so lank gewag het, het nou iets geword wat sy ten alle koste wil beskerm.

Dit is ook deel van ons menswees: die dinge waarvoor ons die dankbaarste is, kan juis die dinge word waarvoor ons die bangste is om te verloor. Ons ontvang met oop hande en voordat ons dit besef, begin ons hande toemaak.

Agter die tentdoek was Sara bang om weer te hoop. Nou, met Isak in haar arms, is sy bang vir verlies.

### *Die God wat hoor*

Sara se vrees het gevolge. Hagar en Ismael word weggestuur, die woestyn in. Uiteindelik raak die water op en Hagar sit haar kind onder 'n struik neer, omdat sy nie kan aanskou hoe hy sterf nie.

Dit is een van die skerpste kontraste in Genesis 21. By Sara is daar 'n fees; by Hagar 'n leë watersak. Sara lag; Hagar huil. Die een vrou hou die kind van die belofte in haar arms; die ander vrees dat sy haar kind gaan verloor.

Maar in die woestyn hoor God. Die God wat Sara se lag agter die tentdoek gehoor het, hoor ook die gehuil van die kind in die woestyn. God maak Hagar se oë oop en sy sien 'n put. Daar is water. Daar is lewe. Daar is ook vir Ismael 'n toekoms. God se trou aan Sara beteken nie God se ontrou aan Hagar nie. Die mense vir wie daar in Sara se vreugde nie meer plek was nie, verdwyn nie uit God se sig nie. God se genade is groter as Sara se vrees en groter as die grense wat sy probeer trek.

Dit nooi ook óns om met oop hande te leef. Die God wat gee, is groter as die gawes waaraan ons so maklik vasklou.

### *Wie sou kon dink?*

En tog is vrees nie die enigste klank in Sara se lag nie. Daar is nog 'n lag – die lag waarna hierdie verhaal eintlik op pad is. Sara staan met Isak in haar arms en sê: "Wie sou ooit vir Abraham kon gesê het dat Sara kinders aan haar bors sal voed?" Of eenvoudiger: Wie sou kon dink? Dit is die lag van verwondering.

Toe Sara agter die tentdoek staan, kon sy haar nie meer voorstel dat God se belofte moontlik was nie. Nou hou sy die antwoord in haar arms. Die vraag wat God vroeër gevra het – "Is iets te wonderbaar vir die Here?" – het skielik vlees en bloed geword.

Verwondering beteken nie dat ons naïef raak oor die lewe nie. Genesis 21 laat dit nie toe nie. Daar is 'n baba in Sara se arms én 'n leë watersak in Hagar s'n. Daar is lag én huil. Geloof ontken nie die woestyn nie. Verwondering beteken eerder dat ons nie aanvaar dat dit wat ons nou kan sien, ál is wat daar is nie. God kan ons steeds verras.

### *Wees mens*

Wat vertel Sara se verhaal dan vir ons oor menswees? Om mens te wees, is om te hoop en soms teleurgesteld te word. Om bang te wees. Om soms te styf vas te klou. Om soos Hagar te huil. En om te lag.

Soms is dit die wrang lag van iemand wat nie meer durf hoop nie. Soms word ons vreugde deur die vrees om te verloor verander. Maar daar is ook die lag van verwondering – die lag van mense wat, ten spyte van alles wat hulle al gesien en beleef het, nog nie heeltemal verleer het om deur God verras te word nie.

Wilma Stockenström skryf: "Elke oomblik is mens, en wat mens is, is 'n daad en is onherroeplik." Elke oomblik is mens. Wanneer ons hoop en wanneer ons bang is. Wanneer ons vasklou en wanneer ons hande weer oopgaan. Wanneer ons huil. En ook wanneer genade ons onverwags tref en ons mond oopgaan van verwondering. Dalk is dit ook deel van wat dit beteken om mens te wees: om te leef met 'n mond wat nog kan oophang van verwondering.

## *KLEINGROEPBESPREKING*

**Ons ontmoet mekaar**

- Wanneer laas het jy só gelag dat jy amper nie kon ophou nie? Vertel kortliks van die oomblik.

**Ons ontmoet God**

Lees saam Genesis 21:1–18.

- Wat val jou op van die verskillende emosies in hierdie gedeelte – Sara se lag, haar vrees, Hagar se huil? Dink daaroor na terwyl julle dit lees.

**Ons deel met mekaar**

- Wat leer die woorde "Die Here het aan Sara gedink soos Hy beloof het" (v. 1) vir ons oor God?
- Wat leer Hagar en Ismael se ervaring in die woestyn vir ons oor God? Wat beteken dit dat dieselfde God wat Sara se lag hoor, ook Ismael se gehuil hoor?
- Watter een van hierdie drie frases is op hierdie stadium die naaste aan jou eie lewe?

**Ek durf nie hoop nie.**
**Ek durf nie verloor nie.**
**Wie sou kon dink?**

- Waar het jy onlangs iets beleef wat jou verras of jou opnuut laat verwonder het?

**Ons bid saam**

- Deel, waar julle gemaklik is, iets waarvoor julle tans hoop, iets waarvoor julle bang is om te verloor, of ʼn plek waar julle God se sorg nodig het.
- Bid vir mekaar en vra dat God ons oë sal oopmaak vir sy teenwoordigheid, ook op plekke wat vir ons soos ʼn woestyn voel.

**GEBEDSPRAKTYK**

*Ons moedig lidmate aan om die volgende gebedsoefening daagliks te doen.*

Word stil en raak bewus van God se
teenwoordigheid by jou en in jou.
Wie is dié God?
Verbeel jou Hy kyk na jou.
Hoe kyk Hy na jou?
Wat is die uitdrukking in sy oë?
Wat dink jy voel Hy terwyl Hy na jou kyk?
Is daar iets wat jy graag vir Hom wil sê?
Is daar iets wat Hy dalk vir jou wil sê?
Laat die gesprek spontaan ontvou.
Rus ʼn ruk lank in sy liefdevolle blik en wees
net mens in sy teenwoordigheid.